## VAN DIE REDAKSIE — 'N TERUGBLIK

Met hierdie nommer word die tiende jaargang van *Historia* voltooi. In die eerste nommer wat in Junie 1956 verskyn het, is die oogmerke met die tydskrif in breë omlyning aangedui. Toe is die opmerking gemaak dat die Geskiedenis vergelyk kan word met 'n huis met baie kamers wat funksioneel kan verskil, maar per slot van rekening basies saamhang en 'n gemeenskaplike doel dien. Dit sou die beleid van *Historia* wees om nie aan 'n bepaalde belangstellingsrigting alleen gekoppel te wees nie, maar so wyd as moontlik elkeen na smaak en behoefte die geleentheid te bied om sy gedagtes tot uitdrukking te bring. Van hierdie beleid is nog nie afgewyk nie.

Met hierdie tiende jaargang word nie slegs 'n eerste dekade in die bestaan van die tydskrif afgesluit nie, maar ook en veral ten opsigte van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika. Die Genootskap is inderdaad ouer as die tydskrif; die tydskrif dank sy ontstaan aan die Genootskap en sonder die Genootskap kan die tydskrif nie bestaan nie.

Toe die Historiese Genootskap op 24 Maart 1955 in die lewe geroep is, was dit die gedagte om dit inderdaad as 'n organisasie vir die hele Suid-Afrika uit te bou omdat die aanvanklike belangstelling uiteraard slegs 'n bepaalde omgewing verteenwoordig het. Hoewel aan die begin moeisaam en langsaam in die rigting gevorder is, kan die Genootskap vandag daarop aanspraak maak dat dit landswyd erken en aanvaar word. In elke provinsie en ook in Suidwes-Afrika bestaan daar 'n afdeling van die Genootskap en word in elke kring op eie wyse die Geskiedenis gedien.

Oor die mate van sukses wat behaal is, kan moeilik 'n gesaghebbende oordeel uitgespreek word. Per slot van rekening moet elkeen vir homself oordeel. Aan die basiese oogmerk om te waak oor die belange van Geskiedenis in die ruimste sin van die woord, is voldoen. Die Historiese Genootskap het by verskillende geleenthede vir die Geskiedenis in die bres getree en het in verband met sy ywer, altyd 'n simpatieke reaksie uitgelok. Dat die Genootskap nog nie orals en deur almal aanvaar is nie, is onteenseglik waar. Baie staan nog onverskillig en afsydig, hier en daar sal iemand aangetref word wat die werksmetode van die Genootskap ongunstig beoordeel. Dit mag selfs waar wees dat een of ander aggressiewe element die Genootskap onomwonde sal veroordeel. As dit die geval is, is dit jammer maar intussen sal die werk voortgaan sonder om op die wat traag of onverskillig is, te wag.

Wat in die afgelope tien jaar verrig is, kon gedoen word omdat daar altyd genoegsame gewillige hande gevind is wat sonder beloning in eer of geld, bereid was om in belang van die Geskiedenis te ywer en te werk — soms buitensporig hard te werk. Met nierdie terugblik word met waardering gedink aan almal wat gedurende 'n tydperk van tien jaar aktief aan die Genootskap of die tydskrif verbonde was. Die moeilike taak om die administrasie van die Genootskap nie slegs aan die gang te hou nie,

maar ook doeltreffend in stand te hou, is deur verskillende persone behartig maar nooit beter as deur hulle wat op die oomblik daarmee belas is nie. Wat die redaksie van die tydskrif betref, is dit veral die sekretaris wat hom tot 'n buitengewone mate verdienstelik maak en tot wie langs hierdie weg 'n woord van dank en waardering gerig word.

Van almal wat op een of ander wyse met die Genootskap gemoeid was of is, word een uitsondering gemaak en word hy by name genoem. Dit is dr. J. J. van Tonder, die persoon van wie die gedagte uitgegaan het dat so 'n Genootskap in die lewe geroep word, die persoon wat die moeisame aanvoorwerk gedoen het en wat sedert die stigting van die Genootskap ononderbroke as voorsitter daarvan opgetree het. Aan sy ywer, belangstelling en toewyding is dit te danke dat moeilike probleme die hoof gebied kan word. Sonder om hom te spaar, het hy altyd aan die voorpunt beweeg en ander besiel om 'n dikwels ondankbare taak te verrig.

Hierdie woorde van waardering kan nie afgesluit word sonder om die bydrae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap te vermeld nie — 'n bydrae waar sonder die Genootskap sy aktiwiteite baie sou moes ingekort het as dit nie al genoodsaak sou wees om alles op te doek nie. Met vrymoedigheid kon die probleme van die Genootskap dáár voorgedra word in die oortuiging dat in die hoogste kringe van die departement altyd 'n simpatieke gehoor gevind sou word.